

DIE SKIETLOOD

Billike bewerings.

Hierdie SKIETLOOD: 8e Uitgawe saam met
KOERSVAS

Uitgawe 9 Jaargang 1 22 Februarie 2013



Dit het nou al herhaaldelik gebeur dat die dosente afsonderlik en die fakulteit as gesamentlike geheel beswaar aanteken teen diegene wat volgens hulle skuldig is aan "verdagmaking van die dosente".

Volgens hulle is dit net een of hoogstens twee persone wat opspraakwekkende bewerings maak en is dit derhalwe onregverdig en onbillik om die teologiese opleiding van ons predikante te bevraagteken.

Aan die een kant is hulle argument dat daar darem sulke eerbiedwaardige persone by die fakulteit is, en dan word sekere emeriti se name eerste genoem. Aan die ander kant word gestel dat dit net een of twee persone is, wat nog nooit aangekla is nie, wat nog te sê verhoor is. Ons ontvang ook die versekering dat die dosente steeds staan by die belydenisskrifte. Kom ons ondersoek billikheidshalwe die situasie.

Die boeke van twee NG teoloë kom eerste aan die woord. In beide "Opgestaan" van Ferdie Mulder en "Die Evangelie is op die spel" van prof Adrio König is dit duidelik dat daar ernstige vrae bestaan rondom die teologiese opleiding te UP. Hulle visier is eerstens gerig op die NG dosente. Die inhoud van die twee boeke spreek boekdele ten opsigte van rede tot kommer. Vir die NHKA is dit van groot belang; aangesien dit 'n gesamentlike opleiding is wat ter sprake is. Ons studente woon lesings by wat ook deur NG dosente aangebied word. Dosente wat vanuit NG geledere self wantrou word weens hulle teologiese arbeid en uitsprake. In beide die boeke kom sekere NHKA dosente

ook onder die loep, en dan wel op 'n baie negatiewe manier, soveel so dat König kan beweer dat die Evangelie op die spel is. Die dosente se verweer dat hulle as NHKA dosentevergadering op eie meriete behandel moet word, moet in meer detail ondersoek word. Die huidige dekaan verwys na die fakulteit as die enjinkamer van die kerk. Is dit inderdaad so dat daar op onbillike manier na een of twee gekyk word en dan veralgemeen word? Glo en bely die dosente soos die kerk en saam met die kerk? Kom ons gaan kyk na die dosente en hulle uitsprake. Die meeste van die uitsprake word gehaal uit die HTS.

* Prof Theuns Dreyer wat deur baie beskou word as die rolmodel van die reformatoriese predikant en teoloog, beweer dat ons moet aanvaar dat die huwelik nie 'n instelling van God is nie. Hierteenoor lees ons in Matteus 19:6 dat God twee mense saamgevoeg het en stel die formulier baie duidelik dat ons glo dat die huwelik wel 'n instelling van God is.

* Prof Johan Buitendag beweer dat daar 'n groep in die NHKA is met *onbekeerde harte*, hy stel dat *apartheid sonde is*, hy beywer hom vir die eenwording (struktureel) met die MRCC, Prof Nelus Niemand se betoog dat die NGK en die NHKA een moet word, geniet ook sy heelhartige steun en hy beweer dat die fakulteit teologie as voorbeeld van eenheid uitmunt.

* Saam met ds Tanya van Wyk is hy ook die outeur van die artikel wat die ideaal van kerklike eenheid sien as rede waarom mense wat homoseksueel is se leefstyl as nie-sondig aanvaar moet

word, sonder voorwaarde van selibaat. Ds van Wyk is op hierdie stadium die dosent in Dogmatiek en kan in alle waarskynlikheid die volgende hoogleraar word in die Dogmatiek.

* Prof Yolanda Dreyer se vele uitsprake oor die huwelik en homoseksualiteit hoef nie hier herhaal te word nie. Haar uitgesproke ondersteuning van feminisme is minder bekend. Feminisme is 'n onderafdeling van bevrydings-teologie en was nog nooit deel van die hoofstroom Reformatoriese teologiese denke nie.

So terloops, die uitdaging aan die hele fakulteit is om hulle te distansieer van haar standpunt rakende die aanvaarding van homoseksualiteit as aanvaarbare alternatiewe lewensstyl. Dit sal hulle nie kan doen nie; aangesien hulle almal skynbaar dieselfde standpunt huldig, teenoor die heersende oortuiging wat lewe in die geloof van lidmate en ampsdraers van die Kerk. Soos ons ook, het die 68e en die 69e AKV duidelik die keuse en leefstyl verwerp, **maar nie die mens nie.**

* Dr Wim Dreyer se standpunt rakende apartheid spreek van 'n ongenuanseerde verstaan van die geskiedenis wat 'n historikus nie waardig is nie. Hy het, soos baie ander, van standpunt verander en sien nie die volkskerk model as aanvaarbare instrument vir die verkondiging van die evangelie nie. By die BAKV was hy een van die persone wat prominent probeer aantoon het (hele BAKV op klankbaan beskikbaar) dat die saak in die Beswaarskrif van *ultra vires* nie water hou nie ("Aangesien die 68e AKV besluit het...." teenoor die feit dat die 68e AKV nie so besluit het nie, maar die saak net **verwys** het). Dit maak hom aandadig aan die verskansing van 'n leuen (soos aangedui in die Staat van Belydenis).

* Prof van Eck skep 'n beeld van 'n Jesus wat negatief is oor die huwelik. In al sy artikels word verwys na, en aangehaal uit 'n apokriewe geskrif (Thomas evangelie) asook die **teoretiese** bron Q. (*Q bestaan nie, maar is 'n mens geskepte teoretiese instrument wat gebruik word om 'n sekere teorie te steun wat 'n moderne verklaring gee aan die ontstaan van die evangelies*). Dit terwyl die NGB duidelik perke stel aan die gesag en gebruik van apokriewe dokumente.

Al wat die bese nodig het om te oorwin, is vir 'n goeie mens om niks te doen nie. Hoe kan dit wees dat die dosente nie hulself distansieer van uitsprake gemaak deur kollegas nie, maar eerder laer trek en veg teen gelowige "verdagmakers"? Kollegialiteit moet tog beperk word tot lojaliteit aan die Evangelie as eerste beginsel en die aard en tradisie van die NHKA in afgeleide sin.

* Prof van Aarde het steeds 'n kantoor by UP waar hy ook steeds mentor vir talle studente is. As outeur van "*Fatherless in Galilee*", asook vele artikels in verskeie akademiese tydskrifte, moet dit u tot kommer stem. Sy artikel in die Hemelvaart-uitgawe van Die Hervormer in 2012 spreek van 'n oortuiging wat verwyderd is van dit wat ons lees in die Bybel en Belydenisskrifte.

Teen hierdie agtergrond kom die vraag onwillekeurig na vore: Is dit die minderheid of die meerderheid van die dosente wat rede tot kommer verskaf deur hulle gedokumenteerde bewerings en standpunte?

Die Skietlood bevind: Dosente moet eerder selfondersoek gaan doen aan die hand van die Bybel en die Belydenisskrifte as om onskuld en onkunde te bepleit.

So terloops, elke gemeente is die enjinkamer van die Kerk.